

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 1: INLEIDING EN AGTERGROND

INLEIDING

1. Wanneer daar van YHVH se voedselvoorskrifte gepraat word, is die reaksie by die meerderheid Christengelowiges dat dit nie van toepassing op hulle is nie. Die rede wat aangevoer word, is die siening dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade.
2. Diegene wat hierdie standpunt huldig behoort hulself egter die volgende vraag te vra: Was hierdie wette slegs vir 'n geestelike doel deur God ingestel of was daar moontlike ander redes ook voor gewees? Hierdie vraag behoort gevra te word in die lig daarvan dat Vader-God die belange van Sy kinders altyd eerste stel. Is hierdie voedselvoorskrifte nie moontlik ook vir die welsyn van die mens nie?
3. Alvorens die voedselvoorskrifte (voedselwette) van YHVH ondersoek word, moet die kwessie van die wet (Torah) en genade eers aangespreek word. Elkeen moet hieroor duidelikheid kry, want anders sal hierdie studie baie verwarrend wees. Vir die doel kan die Bybelstudie oor *Torah (die Wet) en Genade* gratis afgelaai word by: <http://nuwelied.info/?cat=14>
4. Vir diegene wat egter nie met die inhoud van hierdie studie vertrou is nie, sal sekere aspekte weer kortliks hier bespreek word.

Die Torah en Genade

1. In ons Bybelstudie oor *Torah (die Wet) en Genade* is Skriftuurlike bewys gelewer dat die Torah, algemeen bekend as die wet, die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH is en steeds die basis vorm van die geloofslawe van Christene. Die Torah is die Skepper se handleiding vir ons lewe hier op aarde. Dit is Sy onderrig, instruksies en wysheid wat Hy as Vader aan Sy kinders gee.

2. Gehoorsaamheid aan Torah is nie 'n poging om daardeur geregverdig verklaar te word nie, maar is wel om die seëninge van Vader-God deelagtig te wees. Dit is om deel te hê aan 'n lewe van oorfloed wat gees, siel en liggaam insluit (Joh. 10:10b). Geregtigheid is alleen deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias, maar seëninge is deur gehoorsaamheid. Hierdie duidelike onderskeid moet altyd gemaak word.
3. Torah (die wet) lê die grondslag vir die onderrig en instruksies van die nuwe (hernieude) verbond en dus van 'n praktiese geloofslewe vir elke dag en vir alle situasies. Torah leer ons hoe om as kind van God, en mede-erfgenaar saam met Yeshua Messias, as geregverdigde te leef. Die woorde van Paulus aan Timotheus is eweneens op ons van toepassing:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die afgesonderde Skrifte ken wat jou wys kan maak tot verlossing deur die geloof in die Messias Yeshua. 2 Tim.3:14 en 15.

4. Paulus herinner dus vir Timotheus daaraan om te bly in dit wat hy van kleins af geleer het, want dit is waarvan hy verseker (oortuig) kan wees. Hy herinner Timotheus dan ook verder aan die volgende:

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Tim. 3:16 en 17

5. Hierdie Skrifte waarna Paulus verwys, is die wet, ook bekend as die Torah, want daar was op daardie stadium slegs die Skrifte van die ou testament (Die Skrifte bekend as die nuwe testament is eers baie jare later bygevoeg). **Paulus verklaar dus dat die ou testamentiese Skrifte elkeen wysheid tot saligheid gee deur geloof in Yeshua en dat dit gebruik moet word om in die waarheid te onderrig, sonde te openbaar, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek deur elkeen volkome toe te rus vir elke goeie werk.**
6. Die hart van die ou testamentiese Skrifte, en dus van Torah, is die eerste vyf boeke wat ook as die Pentateug bekend staan. Volgens 2 Tim. 3:14 tot 17 kan daar dus net tot een gevolgtrekking gekom word, naamlik: Die wet (die Torah) moet steeds die fondament van die geloofslewe van Christene wees. Indien dit vir Timotheus gegeld het, dan geld dit vir ons ook!
7. Bogenoemde is een van die beste bewyse dat die hernieude (nuwe) verbond 'n voortsetting van Torah is. Die apostels het gemeentes gestig op grond van die onderrig, instruksies en wysheid soos in Torah vervat is.

So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Yeshua die Messias self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees. Ef. 2:19 tot 22.

8. Die fondament van die geloof van die apostels en profete was Torah. Yeshua Messias is hierdie fondament en Hy is die lewende Torah (1 Kor. 3:11). Derhalwe verskil die onderrig en instruksies van die nuwe verbond nie wesenlik van dié van die ou verbond nie, want die basis bly dieselfde. Die groot verskil tussen die twee is egter die feit dat die ou verbond die beloftes van Yeshua die Messias bevat het en die nuwe verbond is die bevestiging dat Hy gekom het.
9. Die koms van Yeshua het wel 'n *verandering* aan Torah teweeggebring. Die vraag wat dus gevra moet word, is die volgende: Wat is hierdie *verandering* en hoe is hierdie *verandering* op die gelowige van die hernieude verbond van toepassing? Alvorens dit bespreek word, is dit noodsaaklik om eers Christene se siening oor die wet (die Torah) kortliks te bespreek. Daar bestaan drie verskillende en uiteenlopende sieninge, naamlik:

9.1. ANTI-TORAH GELOWIGES

- Die sienswyse van die Kerk is dat die gelowiges vry van die wet is, want dit word as deel van die ou verbond beskou en derhalwe as uitgedien. Daar word geglo dat Yeshua (Jesus) hulle vrygemaak het van die wet. Om vry van die wet te wees, is egter om wetteloos te wees en wetteloosheid is sonde (1 Joh. 3:4). Aangaande hierdie mense skryf die apostel Judas die volgende:

Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Meester Yeshua Messias verloën. Judas 1:4

- Hierdie mense belowe 'n vryheid, maar is self slawe van die verdorwenheid (2 Pet. 2:19). Hulle stel nie hulleself as diensknegte tot gehoorsaamheid en geregtigheid beskikbaar nie, maar is diensknegte van hulle eie begeertes en rig hulle eie geregtigheid op (Rom. 6:16; Rom. 10:3). Hulle glo dat hulle geen verpligting ten opsigte van Torah (die wet) het nie.
- Hoewel hulle glo dat hulle deur die Afgesonderde (Heilige) Gees tot gehoorsaamheid gelei word, vergeet hulle dat die Afgesonderde

Gees elkeen volgens die onderrig en instruksies (die Torah) en dus volgens die Woord van YHVH sal leer en lei. Deur Torah te verwerp, verwerp hulle die grootste gedeelte van God die Vader se onderrig en instruksies. Op die wyse formuleer hulle hul eie definisie van vryheid – 'n definisie wat anti-Torah is en wat rebellie teen God is.

9.2. WETSVEREERDERS

- Wetsverering, naamlik die verheffing van die wet bokant die genade van YHVH was reeds 'n dwaling van die Farsieers en Skrifgeleerdes waarmee Yeshua Messias en die Apostels te doen gehad het. Hierdie dwaling het aanleiding gegee tot die byvoeging van 'n groot aantal mensgemaakte wette wat 'n groot las op die Jode geplaas het.
- Yeshua was nooit in konflik met die Fariseers en Skrifgeleerdes aangaande Torah nie, maar wel aangaande wetsverering wat aan die mense voorgehou is as die weg tot geregtigheid. Die apostels het ook hiermee te doen gekry soos blyk uit ondermeer Paulus se brief aan die Galasiërs en uit die gebeure wat in Handeling 15 beskryf word.
- Hierdie gees wat tot die genade van YHVH wil toevoeg deur wetsonderhouding is steeds vandag werksaam onder mense wat Yeshua as Messias bely, maar wat weereens hulle knie ook buig onder mensgemaakte wette soos in die Talmud opgeteken is. Dit is mense wat Judaïseer.

9.3. TORAH-GELOWIGES

- Sedert sowat dertigjaar gelede het 'n beweging (Messiaanse Ontwaking; *Hebrew Roots Movement*) ontstaan om die Torah weer te herstel tot die regmatige plek wat dit in die Christengeloof moet beklee. Die Torah (die wet) word as die grondliggende dokument (die fondament) beskou wat die basis vorm van die onderrig, instruksies en leerstellings van YHVH vir die gelowige van die hernieude (nuwe) verbond.
- Torah-gelowiges glo dat Yeshua nie gekom het om die wet (Torah) tot niet te verklaar nie, maar om dit te bevestig en duidelik te maak (Matt. 5:17 tot 19). Die gelowige is wel vrygemaak van die sonde- en skuldlas van die wet deur Yeshua wat die sondeskuld van die mens betaal het.
- Hoewel redding alleenlik deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias aan die kruis is, is gehoorsaamheid aan Torah die wyse om YHVH se seëninge deelagtig te wees. Dit is ook 'n lewe

van heiligmaking (afgesonder; *set-apart*) waarsonder niemand die Koninkryk kan beërwe nie (Heb. 12:14).

- Torah-gelowiges (Messiane) besef dat sonder die regmatige plek wat Torah moet inneem, kan genade nie werklik verstaan word nie. Sonder Torah sal ons nie weet wat YHVH se standaard is nie. Ons sal ook nie ons eie onvermoë om hieraan te voldoen besef nie, asook ook nie ons behoefte aan 'n Messias om in ons plek die skuld te betaal nie.
- Gehoorsaamheid aan Torah onderstreep die noodsaaklikheid van die Afgesonderde (Heilige) Gees om ons te leer en te lei, asook die krag te gee om as geregverdigde te lewe en heiligmaking na te streef. Die Afgesonderde Gees is die hulp en krag tot gehoorsaamheid aan Torah.

VERANDERING VAN TORAH

1. In Heb. 7:12 lees ons die volgende:

Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet

Hiervolgens is dit duidelik dat die verandering van wat in Torah geskryf staan, deur die verandering van priesterskap teweeggebring is.

2. Onder die ou verbond was dit die priesterorde volgens Aäron en die Leviete, maar in die hernieude verbond is dit die priesterorde volgens Melgisedek. Met die kruisdood en opstanding van Yeshua het die priesterorde van die ou verbond dus tot 'n einde gekom en is dit vervang met die priesterorde volgens Melgisedek. Volgens hierdie orde is Yeshua nou ons Ewige Hoëpriester en is ons as gelowiges in Yeshua nou die koninklike-priesterdom. Volgens hierdie orde het elke gelowige in Yeshua nou die tempel van YHVH geword.
3. Hierdie verandering van Torah behels dat die bring van offers soos onder die ou verbond voorgeskryf was, nou tot 'n einde gekom het, want Yeshua is die volmaakte eenmalige offer wat alle ander offerandes tot 'n einde gebring het. Daarom, onder die hernieude verbond volg ons nie meer die voorskrifte van Torah ten opsigte van die verskillende offerandes nie.

Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Heb. 10:14

Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie. Heb. 10:18

4. Ons offer nou onself aan Vader-God as 'n lewende, afgesonderde en welgevallige offer – 'n koninklike-priesterdom wie se denke (wil en emosie) vernuwe word om te kan onderskei wat die goeie, welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:1 en 2).

Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers. Heb. 13:16

en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Yeshua Messias. 1 Pet. 2:5

GEHOORSAAMHEID

1. Almal sal saamstem dat 'n Christen volgens die wil van God die Vader moet leef, met ander woorde in gehoorsaamheid. Elkeen behoort dus te vra: Wat beteken en behels gehoorsaamheid aan YHVH?
 - Beteken dit dat die wet (Torah) verwerp word en slegs die nuwe testament as die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH aanvaar word? **OF**
 - Is die wet (Torah) steeds die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH wat as basis vir die hernieude (nuwe) verbond toegepas moet word?
2. Diegene wat Torah verwerp en as uitgedien beskou, moet dan die grootste gedeelte van die nuwe testament ook uit hulle Bybels verwyder, want sowat twee derdes van die nuwe testament verwys na Torah. Daarom moet die nuwe testament verklaar word in die lig van Torah en is dit deel van Torah. Yeshua het nie gekom om die wet tot niet te maak nie, maar om dit te vervul (te bekragtig, te staaf, te volmaak)

Moenie dink dat Ek gekom het om die Torah of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Matt. 5:17.

"Do not think that I came to destroy the Torah or the Prophets.¹ I did not come to destroy but to complete. [The Scriptures (ISR), 1998]

Footnote: ¹The Law and the Prophets is a term used for the pre-Messianic Scriptures.

3. Ons moet verstaan dat YHVH se wil vir die mens nog altyd vrywillige gehoorsaamheid aan Hom was. God het dit aan Adam aangebied en dit is steeds vandag die geval. Die mens moet uit eie keuse, wat voortspruit uit liefde en eerbiedige ontsag vir sy Skepper, aan al YHVH se onderrig en instruksies gehoorsaam wees. Gehoorsaamheid moet nie weens vrees gemotiveer wees nie, maar liefde moet die dryf wees.

4. Daarom is al YHWH se onderrig en instruksies en wyskede soos die liefde van 'n vader aan sy kind wat net een doel voor oë het, naamlik die welsyn van sy kind. Ongehoorsaamheid aan sekere van hierdie onderrig en instruksies kan moontlik die kind sy lewe kos. Terwyl ongehoorsaamheid aan sommige ander nie noodwendig tot die dood lei nie, maar sal wel die kind van sekere seëninge ontnem. Dieselfde geld ten opsigte van Torah. Moedswillige ongehoorsaamheid aan sekere onderrig en instruksies van Torah (Byvoorbeeld die tien gebooie) sal tot geestelike dood lei en tot 'n ewigheid in die hel. Terwyl ongehoorsaamheid aan sekere ander van YHWH se onderrig en instruksies nie jou redding gaan kos nie, maar wel die seëninge wat God jou belowe.
5. 'n Vader se onderrig en instruksies is terwille van die welsyn van sy kind en om orde en dissipline te handhaaf. Terwyl die kind in die huis is, is hy verplig om gehoorsaam te wees, want dan staan hy onder die toesig van sy vader (Verwys Gal. 3:23 tot 4:7). Wanneer hy egter volwassenheid bereik het en uit die huis gaan dan is die kind nie meer verplig om aan sy vader gehoorsaam te wees nie. Dan kan hy sy vrye wil gebruik om dit wat hy geleer het toe te pas of dit te verwerp. 'n Keuse wat sal bepaal of hy 'n lewe van sukses en voorspoed gaan hê of een van mislukkings en teenspoed.
6. Dit is in die lig hiervan wat Torah gesien moet word. Dit is die keuse van lewe of dood; seëninge of vloeke. Onder die ou verbond het ons onder die toesig van die tugmeester (die Torah; die wet) gestaan wat ons alles geleer het aangaande die Vader se wil. Nou, onder die hernieuwe verbond, het ons die keuse of ons dit gaan toepas of verwerp. Die voedselvoorskrifte van YHWH moet ook in die lig hiervan gesien word. Dit is deel van Torah.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Die gelowige is 'n tempel (tabernakel) van die Heilige Gees (2 Kor. 6:16). Die tabernakel het bestaan uit die Binnehof (liggaam), die Heiligste (siel) en die Allerheiligste (gees). Al drie moes ingerig gewees het volgens YHWH se voorskrifte. Hier op aarde is die mens se gees, siel en liggaam 'n eenheid wat saam funksioneer. In 2 Kor. 6:16 word na hierdie drie-eenheid verwys. Is 'n gesonde leefwyse dan nie deel van die versorging van die liggaam as 'n tempel (tabernakel) van die Afgesonderde Gees nie? Is dit dan nie die mens se verantwoordelikheid om volgens YHWH se riglyne sy liggaam te versorg nie?
2. Behels heiligmaking gees, siel en liggaam? Indien wel is die vraag: *Hoe heilig die gelowige sy liggaam?*

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.